LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 26/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Verstaan jy soos Job?

Dit is belangrik dat ons sal aanhou om mekaar te inspireer. Dit is dikwels baie maklik om te verval in moeiliker omstandighede. Ons maak die stelling, dit moet goed gaan met goeie mense en sleg gaan met slegte mense. Hoe oordeel ons dan wie goed en wie sleg is? Na my mening het Job baie verstaan, wat vir ons moeilik is om te verstaan. Alhoewel ons soms 'n opdraande pad stap, is ons pad tydelik. Al wat permanent is, is die hiernamaals. Job antwoord sy vrou, ons kan mos nie net tevrede wees met net die goed nie, as jy die goed wil hê moet jy die sleg ook kan aanvaar. Hierdie kombinasie van goed en sleg vorm ons sodat ons eendag kan wees soos God wil hê ons moet wees. “Job het 'n potskerf gevat om hom mee te krap, terwyl hy in die as sit. Sy vrou het vir hom gesê: “Volhard jy steeds in jou onberispelike optrede? Vloek God, en sterf!” Hy het egter vir haar gesê: “Jy praat soos een van die dwase vroue praat. Die goeie wat van God kom, dié aanvaar ons, maar die slegte – moet ons dit nie ook aanvaar nie?” - Job 2:8-10. Ondanks dit alles het Job nie met 'n enkele woord gesondig nie.

## Week se Program

### 25 Augustus 2025

- **Krieket vs LS HM Swart o/9 (Tuis)**
- **Tennisliga vs LS Hoëveld**

### 26 Augustus 2025

- **Toets: NW**
- **Krieket vs LS Middelburg o/10 (Weg), o/11 (Tuis)**

### 28 Augustus 2025

- **Toets: Tegnologie**
- **Hokkieliga o/11 tot o/13 D vs LS HM Swart**
- **Krieket vs LS Middelburg o/12 (Weg), o/13 (Tuis)**

### 29 Augustus 2025

- **Hokkieliga o/10 tot o/13 S vs LS Oranjegloed**
- **Mini-Krieket vs Curro**

### 30 Augustus 2025

- **Mini-Hokkie o/10 D te LS Standerton**
- **Mini-Hokkie o/7 tot o/9 S & D te LS Secunda**
- **Super 12 Landloop**

### 28 tot 30 Augustus 2025

- **Artistatue Redenaars Finaal**

## Goegieland

Baie dankie aan almal vir julle ondersteuning en deelname aan ons instappies die afgelope week – die slange en Oom Karoolus en Lente se poppekas het groot opgewondenheid by ons maatjies veroorsaak!

Hier volg 'n paar vooruitsigte vir die komende week:

**26 Augustus 2025 - Graad R Atletiek (Super 12)**

Ons Graad R-maats gaan deelneem aan die Super 12-atletiekuitdunne wat voorlopig op 26 Augustus 2025 plaasvind. Dit vind plaas tydens skooltyd. Let asseblief daarop: geen ouers word toegelaat as toeskouers nie. Die maatjies sal in Graad 1 weer 'n geleentheid kry om deel te neem aan uitdunne vir 2026.

**28 Augustus 2025 - Graad R Gradeplegtigheid-foto's**

Ons neem die gradeplegtigheid-foto's op 28 Augustus 2025. Hier is 'n paar riglyne vir die dag.

- Hare en gesig moet asseblief skoon en netjies wees.
- Dogters mag dié dag hulle hare los dra.
- Kleredrag: Nie nodig om op te “tof” of hakskoene te dra nie – almal se klere word toegemaak met 'n toga vir die foto's.

**3 & 4 September 2025 - Plaasdiere Instappie**

- Dag 1: Die maatjies voer en leer van verskeie plaasdiere.
- Dag 2: Perderitte – altyd 'n hoogtepunt!
- Koste: R60 per kleuter.
- Die Google-vorm vir toestemming en betaling sal volgende week gedeel word.

Dankie dat u elke dag saam met ons die kleuters se skoolreis so besonders maak.

Groete uit Goegieland

## Akademie

Dit is moeilik om te besef, maar ons is reeds in die helfde van die kwartaal. Die toetsreeks is op hande en ons moet besef daar is min tyd in die kwartaal oor. U moet asseblief seker maak dat u kind op hoogte is van wat geassesseer gaan word. Maak ook seker u lees volledig wat verwag word in die take, sodat dit volgens die spesifikasies gedoen word.

## Tennis

Baie geluk aan ons tennisspelers wat uitstekend gevaar het tydens die Super 12 Tennistoernooi te TUKS. Die Dogterspan eindig 13de en die Seunspan eindig 15de. Sommer baie trots op julle!

Woensdag, tydens die Hoëveldgroep se Tennistoernooi, word beide spanne as naaswenners aangewys.




















## Skaak

Die dogterspan het al die regte skuiwe gemaak en behaal 'n 3de plek by die Gert Sibande Skaaktoernooi. Hulle het hard gespeel, maar ook lekker pret gehad. Ons wens hulle baie sterkte toe vir die Mpumalanga Finaal. Julle is ons "chess-queens", ons is trots op julle!

Hailey Herbst
Sue-Ann J v Rensburg
Manny Neto
Melandie Faber
Lewanné Jonker
Calita Cornelissen















## Krieket

Maandag het die o/9's teen Laerskool Marietjie van Niekerk kragte gemeet. Hulle wen met 5 paaltjies. Die week het die o/10- tot o/13-krieketspanne kragte teen Laerskool Klipfontein gemeet. Die o/10-krieketspan verloor met 9 paaltjies. Die o/11's verloor in hulle kragmeting met 3 paaltjies. Beide die o/12- en o/13-krieketspanne wen in hul kragmetings. Die o/12's wen met 154 lopies en die o/13's met 16 lopies.
Jayden van Aswegen (o/12) slaan 123 van 78 balle nie uit nie.
Louis du Plessis (o/13) slaan 50 lopies van 59 balle.






## Landloop

Baie geluk aan ons langasems wat podiumplekke behaal het tydens die Landloop MUSSA ASA byeenkoms. Trots op julle!

| | | |
|---|---|---|
| Marelie Koch | - | 2de o/9 |
| Charlize Labuschagne | - | 1ste o/10 |
| Emma du Plessis | - | 1ste o/11 |
| Izanie Ferguson | - | 3de o/13 |
| Willie-Uys J.v. Rensburg | - | 2de o/13 |




| 25 Aug | 26 Aug | 27 Aug | 28 Aug | 29 Aug | 30 Aug | 31 Aug |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Morné Morgenrood | Marchant Boer<br>Karli Joubert | | Lea Rademeyer<br>Leandri Rademeyer<br>Stephan Koekemoer | | Zanelle Roos<br>Necille Coetzee<br>Dinieke Brummer | Leah Mentz<br>Ulaine Kleynhans |


Atlete wat deurgaan na ASA Sa's:












**<u>o/8</u>**
Jana Steyn
Mianique van Zyl
Adelein Pretorius
Rori Mokheseng
Arlu Greef

**<u>o/9</u>**
Marelie Koch 2de
Mia-né Smit
Zanri Lotz
Leandri Janse van Rensburg
Mioné Mostert
Ruben Combrinck
Andrich Combrinck

**<u>o/10</u>**
Charlize Labuschagne 1ste
Marno Campher Reinhardt Reineke

**<u>o/11</u>**
Emma du Plessis 1ste
Hayley Louw
Lucan Lessing

**<u>o/12</u>**
Mia van Eeden
Chloe Kleb
Hailey Herbst
Nathan van Niekerk

**<u>o/13</u>**
Izanie Ferguson
Milan Zwart
Willie-Uys J v Rensburg
Louis du Plessis

# Krieket Gert Sibande

Ons is baie trots op ons krieket-seuns wat gekies is vir die Gert Sibande Krieketspanne in hul betrokke ouderdomme. Baie geluk manne!

































**<u>o/13-krieketspan</u>**
Armand Joubert
Euné Toerien
Derick Botes
Edmund Ferreira
Louis du Plessis

**<u>o/12-krieketspan</u>**
Daantjie Lesch
CJ Meyer
Jayden van Aswegen
Zian Mocke
Alister Walters

**<u>o/11-krieketspan</u>**
HW Meyer
Clayton Schreuder
Hanno Luwes
Stephan Koekemoer
AJ van der Merwe

# Hokkie

Die hokkie-dogters het Donderdag, 21 Augustus 2025 kragte gemeet teen Laerskool Kruinpark. Die uitslae is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| o/10 | Gelykop | 1 - 1 |
| o/10 | Verloor | 0 - 2 |
| o/11 | Wen | 3 - 2 |
| o/12 | Wen | 1 - 0 |
| o/13 | Gelykop | 1 - 1 |




Spelers van die wedstryde is:

| | |
|---|---|
| o/10 | Janeke du Plessis & Leané Becker |
| o/11 | Linay Hartzer |
| o/12 | Mia-Belle Melville |
| o/13 | Mienké Visser |

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr. Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**